88080003

International Baccalaureate®
Baccalauréat International
Bachillerato Internacional

**AFRIKAANS A1 – STANDARD LEVEL – PAPER 1**
**AFRIKAANS A1 – NIVEAU MOYEN – ÉPREUVE 1**
**AFRIKAANS A1 – NIVEL MEDIO – PRUEBA 1**

Tuesday 18 November 2008 (afternoon)
Mardi 18 novembre 2008 (après-midi)
Martes 18 de noviembre de 2008 (tarde)

1 hour 30 minutes / 1 heure 30 minutes / 1 hora 30 minutos

---

INSTRUCTIONS TO CANDIDATES

- Do not open this examination paper until instructed to do so.
- Write a commentary on one passage only. It is not compulsory for you to respond directly to the guiding questions provided. However, you may use them if you wish.

INSTRUCTIONS DESTINÉES AUX CANDIDATS

- N'ouvrez pas cette épreuve avant d'y être autorisé(e).
- Rédigez un commentaire sur un seul des passages. Le commentaire ne doit pas nécessairement répondre aux questions d'orientation fournies. Vous pouvez toutefois les utiliser si vous le désirez.

INSTRUCCIONES PARA LOS ALUMNOS

- No abra esta prueba hasta que se lo autoricen.
- Escriba un comentario sobre un solo fragmento. No es obligatorio responder directamente a las preguntas que se ofrecen a modo de guía. Sin embargo, puede usarlas si lo desea.



© International Baccalaureate Organization 2008

*Skryf kommentaar op **een** van die volgende.*

**1.** (a)

**BRAND**

Sy steek vas toe sy die huisie sien. Dit staan soos ’n pophuis, sonder dak, al die kamers oop sodat sy in die hol ruimtes kan inkyk. ’n Snoesige ontwerp: klein kamertjies gerangskik rondom ’n kaggel waarvan die skoorsteen reg in die middel van die geboutjie kiertsregop staan. Sy loop nader.

Stadig af in die tuinpaadjie, af teen die skuinste. Versigtig, selfbewus. asof sy weet dat sy oortree. Gaan staan eers weer voordat sy die laaste paar kliptrappies afklim in wat eers die roostuin was. Op die hard gebakte grond stoot sy met haar skoen ’n kombuisrasper opsy, geroes maar in herkenbare toestand. Hiervandaan lê net rommel. Puin. Puin van die brand wat die afgesonderde huisie heeltemal verlate gelaat het. Iets hier is vir altyd verlore. Net die mure het bly staan. Die dak van swart leiklip het onder sy eie gewig ingestort. stukke leiklip lê keihard en skerp enkelhoogte rondom die gebou. Die oorspronklike geute van gegote yster lê in stukke. Tussenin lê nog eienaardige langwerpige ysterstawe. Sy kan eers nie agterkom wat dit kan wees nie. Later sien sy dis die teenwigte vir die skuifraamvensters. Die houtvensters en soliede houtdeure is weggebrand. Plek-plek sit verkoolde stukke in die gapings en in die hoeke is ongeskonde dele gepoleerde kiaat. Sy loop om die huis. In die kombuisdeur lê die katel van ’n enkelbed. Tussen die skerwe dakteëls lê blikkies, opgeswel, sommige oopgebars van die verskriklike hitte. Die skerwe van ’n eetservies en die geroeste oorblyfsels van die mikrogolfoond laat haar hand om haar lippe kom. Stalagtiete van aluminium druip by die kolestoof af. Dié staan nog net so onaangeraak op Queen Anne-pootjies.

Eerbiedig tree sy oor die rommel, soos iemand wat deur ’n kerk loop. In die kort gang af is daar nog hier en daar tekens van die muurpapier. appelbloeisels. waar die pleister nog nie afgedop het nie. In die badkamertjie loop die water nog, in die spoelbak van porselein, kristalhelder en skoon.

Sy kom nadenkend by die agterdeur uit. Ek hou haar dop deur die blare van die ou vyeboom, maklik so oud soos die huis self. Die ou boom se takke hang tot op die grond. Die blare aan die buitekant geskroei en opgekrul.

Ek sit in die doppelskaduwee in die geur van vye. In die laat middagson staan sy afgeëts. En die swart verkoolde takke van die rankrose intaglio teen die huis se mure.

Sy raak van my bewus. Saam kyk ons na die skoonheid van die brand.

Sy vra: “Wat het hier aangegaan?”

“Liefde,” sê ek, “dis die liefde.”

Kirby van der Merwe, *Vonkfiksie* (1999)

– Analiseer die vrou se reaksie op die toneel. Hoe ervaar sy die verwoesting?

– Wat roep die toneel en die beskrywing van die huis na vore?

– Ondersoek al die assosiasies van vuur wat die kortverhaal in jou oproep.

**1.** (b)

**VILLANELLE VIR DIE OOS-VRYSTAAT,
CLARENS-DISTRIK**

hierdie landskap lê voue van vergeelde papier
in sandsteen sagkens verhard.  hoog bo teen die blou lug,
soms dof geskryf in oker ink, soms in die geel van populier,

kras ravyne tot in die grasvelde, geel soos heuningbier.
in geelkoperklei groei koring en sonneblom hier geil tot vrug.
hierdie landskap lê voue van vergeelde papier

waarop eland en springbok steeds wei, nes elke sku dier
op rotswande.  net enkele ligte spore verklap hul vinnige vlug,
soms dof geskryf in oker ink, soms in die geel van populier.

snags onhoorbaar steeds die voeteval van geelbruin impi's hier
in geveg, die harde voetsole van die difaqane se vlug terug.
hierdie landskap lê voue van vergeelde papier

in die beleë kleur van perkament.  elke grot is hier 'n skuur
van beelde uit ons vergeelde geheue, soos ook elke gedig,
soms dof geskryf in oker ink, soms in die geel van populier.

hierdie landskap lê voue van vergeelde papier,
soms dof geskryf in oker ink, soms in die geel van populier.

Tom Gouws, *Troglodiet* (1995)

– Analiseer en lewer kommentaar op die hooftrekke van die landskapsbeskrywing.

– Wat is die kardinale metafore in die gedig?  Lewer kommentaar op di implikasies en die effek op die leser?

– 'n *Villanelle*, 'n 16de eeuse poëtiese vorm, is 'n lied ter ere van 'n spesifieke landskap.  Hoe sal jy die toon van die lied beskryf?  Wat is die dominante indruk wat dit by jou laat?